KENNISGEWING VAN WYKSKOMITEE VERGADERINGS: 2011-2016 GOP PROSES

Kaap Agulhas Munisipaliteit is besig om 'n 3de Generasie Geintegreërde Ontwikkelingsplan (GOP) saam te stel wat die strategiese doelwitte vir die nuutverkose Raad gaan uitstippel. Hoofstuk 4 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet no 32 van 2000) plaas 'n spesifieke verpligting op munisipaliteite om plaaslike gemeenskappe te betrek met sodanige beplanningsproses ten einde deelnemende demokrasie te bevorder. Die GOP is die strategiese beplannings instrument van die munisipaliteit en vorm ook die basis van die munisipale begroting. Dit is daarom noodsaaklik dat plaaslike gemeenskappe deur middel van hul wykskomitees aktief deelneem aan die GOP proses om te verseker dat die prioriteitskwessies van gemeenskappe as 'n kollektief aangespreek word.

Die onderstaande skedule gee 'n aanduiding van die wykskomitee vergaderings wat gehou gaan word in die onderskeie wyke van Kaap Agulhas Munisipaliteit. Die doel van sodanige vergaderings is om terugvoering te gee oor die vordering van die projekte wat tydens die vorige GOP proses geidentifiseer is en ook om die prosedure plan van die 2011-2016 GOP proses aan die wykskomitees te kommunikeer.

WYK	DATUM	TYD	PLEK	WYKSRAADSLID
Wyk 1	Dinsdag 20 September 2011	19:00	Raadsaal, Napier	Rdl Warnick October
Wyk 2	Dinsdag 27 September 2011	19:00	Welverdiend Biblioteek, Bredasdorp	Rdl Dirk Jantjies
Wyk 3	Woensdag 21 September 2011	19:00	Nelson Mandela Gemeenskapsaal, Bredasdorp	Rdl Richard Mitchell
Wyk 4	Dinsdag 20 September 2011	18:00	Raadsaal, Bredasdorp	Rdl Johan Nieuwoudt
Wyk 5	Maandag 19 September 2011	18:00	Gemeenskapsaal, Arniston	Rdl Derick Burger

Vir enige verdere navrae aangaande logistieke reëlings kontak asb Me Lindy Claassen (028 425 5500/ lindyc@capeagulhas.com) of die betrokke wyksraadslid.

Die uwe

Reynold Stevens
Munisipale Bestuurder